**Ek is jou deel en jou erfenis**

**Num 18:1-13, 2--29**

**1 Augustus 2021**

1. Num 16 & 17: Die Here verdedig Aäron se hoëpriesterskap drie maal. Volk is mismoedig – hulle het nie toegang tot tabernakel nie: "Dit is klaar met ons!"
2. Inhoud van Num 18:1-32
    a. V1: Aäron, priesters en Leviete verantwoordelik vir oortredings teen heiligdom, Aäron en priesters verantwoordelik vir oortredings teen priesteramp
    b. V2-7: Net priesters mag agter voorhangsel werk en offers bring. Leviete is vir hulle tot hulp
    c. V 8-19: Onderhoud van priesters: deel van besondere gewyde gawes, gewyde gawes, eerste opbrengs van die oes, eersgeborenes van mense en diere
    d. V20: Die Here sê vir Aäron: "Ek is jou deel en jou erfenis onder die Israeliete" (OAV)
    e. V21-24: Onderhoud van Leviete: tiendes deur die volk gebring
    f. V25-32: Leviete moet tiendes van tiendes bring
3. Implikasies vir ons
    a. OT tipes vs NT antitipes:
        i. Aaron as hoëpriester – Jesus as ware Hoëpriester (Heb 5:5)
        ii. Priesters – Gelowiges (1 Pet 2:5, 9)
        iii. Leviete – Gelowiges (Heb 12:23)
    b. Verantwoordelikheid
        i. Jesus (as antitipe vir Aäron) word verantwoordelik gehou vir oortredings van gelowiges (as antitipe van priesters en heiligdom)
            - Heb 10:7-10 – was die rede vir Jesus se koms, en die wil van die Vader
            - Heb 10:19 – nuwe weg berei tot die heiligdom (vgl Num 17:13)
        ii. Verantwoordelikhede van gelowiges
            - Jesus het OT offers deur priesters afgeskaf (Heb 10:9)
            - Nuwe offers wat gelowiges moet bring (Heb 10:19-25):
                a. Tot God nader met opregte hart en geloofsekerheid
                b. Styf vashou aan die hoop wat hulle bely
                c. Mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade
                d. Byeenkomste van gemeente opsoek
    c. Voorsiening
        i. Num 18: Die Here het mense (priesters en Leviete) en middele (offers en tiendes) voorsien
        ii. In NT voorsien die Here mense met verskeidenheid van gawes (Ef 4:11-13, 1 Kor 12:7-11)
        iii. In NT voorsien die Here ook middele (1 Kor 9:13-14, 2 Kor 8:1-5)
    d. Beloning
        i. Aäron se erfenis: Die Here is sy deel en erfenis (Num 18:20)
        ii. Jesus se erfenis: Vreugde, sit aan regterkant van God se troon (Heb 12:2), sodat almal sal erken Hy is die Christus tot eer van die Vader (Fil 2:5-11), wil die Vader verheerlik (Joh 17:1)
        iii. Gelowiges se erfenis: Nuwe Jerusalem op nuwe aarde – met God en die Lam as fokus (Op 21-22) – dus is die Here ons deel en ons erfenis.